

14 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 46

Fokusgedeelte: Psalm 46:9

Kom kyk wat die Here gedoen het!

Waaroor is u opgewonde? Wat wil u graag vir mense wys of vertel? Normaalweg is ons opgewonde oor iets mooi wat ons sien of beleef, of oor 'n prestasie wat ons behaal.

Die Psalmdigter is in hierdie Psalm opgewonde oor wat die *Here* gedoen het. In die geskiedenis van Israel het dit meermale gebeur dat hulle in oorloë met hulle vyande betrokke was en dan het die Here op 'n sekere tyd 'n einde daaraan gemaak (vs. 10). Dit het vrede vir sy volk gebring en die mag van die Here oor hulle vyande bevestig. Op sy bevel moes almal bedaar en erken dat Hy God is (vs. 11).

Die volk van die Here het dan ook getuig van sy almag. Twee keer in die Psalm kom dit voor: "Die Here die Almagtige is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting." Dit het hulle ook ervaar toe Jerusalem deur die Assiriërs beleër is (vgl. 2 Kon. 18 en 19). Daarom is die digter nie bang nie, al sou die aarde padgee en die berge skuif, tot in die dieptes van die see. God se hand is immers ook sigbaar in sy beheer oor die natuur. Al raas die nasies en wankel koninkryke, bly die Godstad behoue. Hy is die troue Verbondsgod, die Here!

Vandag kan elke gelowige nog meer getuig van die groot dade van God. Wanneer daar oorlog gevoer en moorde gepleeg word, wanneer kinders gemolesteer en mense aangerand word, wanneer aardbewings en tsoenami's verwoesting saai, dan weet sy kinders: God is in beheer en Hy hou sy kinders vas, want Hy het hulle op grond van sy verbondsgenade verlos.

Opgewonde kan ons verkondig wat Hy op Golgota gedoen het en van die leë graf en wat dit beteken. En ons kan verkondig, Hy is oppad!

Sing: Psalm 46:1, 4

Ds. JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)